

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

ds. PJ Kriel

28.01.2017

Inhoud Die Heilige Gees sluit ons in Christus in om alles wat Hy as mens vir ons is en gedoen het met Christus te deel. Daarom is ons vir altyd sonder skuld en oordeel vir ons sonde, en is ons en ons lewe vir die Here reg en heilig. Hierdeur verander die Here die manier waarop sy wet vir ons werk. Hy maak van die wet van sonde en dood die wet van die Gees. Met hierdie nuwe manier waarop die wet werk, gee die Here ons tereg wysings maar staan ons nooit skuldig voor hom vir dit waaroor ons tereg gewys word nie. Met hierdie wet gee Hy ons aanwysings wat nooit waarskuwings, dreigemente of veroordelings is nie. Ons vervreem onself van hierdie nuwe wet van die Gees deur die lewe 'n wedstryd te maak wat God as liefdespel gee. Geestelikes maak God se ou wet die kerk se wet sodat God die skeidsregter kan wees en hulle die geestelike afrigters. Hierdie inhoud word verduidelik met die verskil tussen God as Skeidsregter en God as Afrigter.

Liturgie 1. 509: 1, 2, 4; Skriflesing en preek.
 2. Evangelie lesing: Lied 393 1, 2, 4;
 3. Wetslesing Ex. 20 Lied 489 1, 2, 3. 4.
 4. Lied 505: 1, 2, 3, 4.

Skriflesing Romeine 8: 1 – 8; 14 – 16; 1 Tim. 5: 5 – 11.

Teks Rom. 8: 2 “Die wet van die Gees wat aan jou die lewe in Christus Jesus gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.”

Tema God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

1. Die Tien Gebooie werk op twee heeltemal verskillende maniere. Dit stel Paulus baie duidelik in Romeine 8 vers 2. Die een manier waarop die Tien Gebooie werk, word genoem die “wet van die Gees” en die ander manier waarop die wet van die Here werk, word genoem die “wet van sonde en dood”.

Die wet van die Gees en die wet van sonde en dood is nie twee verskillende wette nie. Dit is nie so dat die wet van sonde en dood die Tien Gebooie is, en dat die wet van die Gees iets anders as die Tien Gebooie is nie.

Baie geestelikes probeer maak asof daar twee verskillende wette van God is. Die grootste dwaling wat hulle verkondig is dat die Tien Gebooie die wet van God in die Ou Testament was, maar dat Jesus vir ons in die Nuwe Testament die liefdesgebod gebring het. Volgens hulle dwaling is die wet van sonde en dood dan die Tien Gebooie van die Ou Testament en die wet van die Gees is die liefdesgebod van Jesus.

2. Hierdie is 'n diep geestelike dwaling in die NG Kerk ook: geestelikes sal baie maklik vir jou sê dat hulle nie meer by die Tien Gebooie is nie maar by die liefde. Dan los hulle ook sommer die lees van die Tien Gebooie uit die eredienste uit. Vir hulle is liefde dan iets anders as die gebooie, die voorskrifte, die bepalings en verordeninge van die Here binne sy Tien Gebooie

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Die onderskeid tussen die wet van die Gees en die wet van sonde en dood gaan nie oor die onderskeid tussen reëls en liefde so asof liefde sonder reëls en wette werk nie. Die Here se Tien Gebooie is die liefdesgebod van Jesus Christus.

Daarom moet ons baie goed hoor wat die Here Jesus verklaar wanneer Hy sê: “Ek het nie gekom om die Wet en Profete af te skaf nie.” (NAV) Die Tien Gebooie is Jesus Christus die Here se liefdeswet vir sy kinders. Dit is die liefde wat Jesus van sy kinders verwag.

3. Die onderskeid tussen die wet van die Gees en die wet van sonde en dood gaan oor twee heeltemal verskillende maniere waarop die Here sy wet, die liefdesgebod laat werk. Een en dieselfde liefdesgebod wat op twee verskillende maniere werk!

Die sleutel om hierdie verskil te ontdek lê in die vers net voor hierdie onderskeid gemaak word, in vers 1. Vir wie is die Tien Gebooie die wet van die Heilige Gees? Dit is vir hulle wat “in Christus Jesus” is.

Om in Christus Jesus te wees beteken dat die Heilige Gees jou insluit by wie Jesus as mens in die hemel vir jou is en in alles laat deel in wat die Here vir jou gedoen het. Hy sluit jou in:

- in Jesus se veroordeling onder Pontius Pilatus, (Rom. 8:1; 8: 33, 34)
- in Jesus se vervloeking aan die kruis, (Gal. 3:13)
- in Jesus se straf deur sy dood, (Rom. 6: 10)
- in Jesus se regverdig en heilige lewe wat Hy vir God geleef het en vandag nog leef. (Rom. 6:10)

Omdat die Heilige Gees ons insluit en laat deel in alles wat Jesus Christus vir ons gedoen, is daar volgens vers 1 vir ons geen veroordeling meer nie! Nooit weer ooit nie! Dit beteken terselfdertyd nooit weer enige vervloeking of straf nie. Geen veroordeling nie beteken ook dat omdat jy in gesluit is en alles met Christus deel, laat God jou lewe, jou gehoorsaamheid aan God en jou liefde vir Hom altyd reg, sonder foute en volmaak wees.

Paulus stel dit só: in Kolossense 1: 22 “Maar nou het Hy julle ook met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het, om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.

4. Dit is ons posisie as kinders van die Here voor God: God maak ons en ons lewe, ons gehoorsaamheid en ons liefde vir Hom regverdig, heilig, onberispelik en sonder smet.

Dit is nie hoe ons leef, gehoorsaam is en vir God lief het nie. Dit is hoe Hy ons vir Hom maak en dit doen Hy deur ons in Christus in te sluit en alles wie Christus vir ons is en wat Hy vir ons doen met ons te deel.

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Omdat dit ons posisie by die Here is, ons is deur die Heilige Gees ingesluit in Christus, verander God die manier waarop die Tien Gebooie vir ons werk heeltemal.

Paulus wys hoe die Tien Gebooie anders werk vir die Here se kinders met Romeine 8 vers 15: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat julle tot God laat roep: "Abba, Vader!"

God laat sy gebooie heeltemal anders werk vir sy kinders as wat die Here dit vir goddeloses en ongelowiges laat werk. Twee verskillende maniere waarop die wet van God werk: ongelowiges word as slawe, arbeiders, werknemers behandel, maar gelowiges word as kinders behandel.

Die wet van God is vir ongelowiges 'n arbeidswet en vir sy kinders die 'n kinderwet.

5. Hoe verander dit die werking van die wet van God?

Ons gaan dit verduidelik met die voorbeeld van die verskil tussen 'n rugby skeidsregter en 'n rugbyafrigter!

Al twee werk met presies dieselfde rugbyreëls. Daar is nie iets soos rugbyreëls vir skeidsregters en dan 'n ander stel reëls vir afrigters nie. Skeidsregters en afrigters werk met presies dieselfde reëls.

Dit is wat Paulus hier uitwys. Presies dieselfde reëls kan die reëls wees waarmee skeidsregters of afrigters werk. Wanneer God jou skeidsregter is, dan maak Hy sy Gebooie vir jou die wet van sonde en dood. Wanneer God jou afrigter is, dan maak Hy sy gebooie vir jou die wet van die Gees.

6. Hoe werk hierdie twee maniere waarop die wet van God werk verskillend?

'n Skeidsregter stel glad nie belang in wie of wat die spelers is nie. Hy stel nie belang in of hulle hul beste spel lewer en of hulle sukkel om hul beste spel te lewer nie. Al waarin hy belangstel, is dat hulle die reëls van die spel sal gehoorsaam. Net dit! Hy dwing net die reëls van die spel af met straf. Hy onderwerp jou aan die reëls.

'n Afrigter het heeltemal 'n ander band met sy spelers. Hy sien hulle talente raak en wil hulle oefen om hulle talente te kan gebruik. Hy skep vir hulle 'n toekoms met sy werk waarin hulle alles kan bereik waartoe hulle in staat is. Hy sien wat hulle voor bedoel is en help hulle om hierdie bedoeling te kan uitleef. Hy gebruik die reëls van die spel om hulle talente te ontwikkel en vir hulle 'n toekoms in rugby te gee.

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Wanneer God vir jou net 'n skeidsregter is, dan is sy wet vir jou die wet van sonde en dood. Dan is God net die God wat gehoorsaamheid eis en sy wet op jou afdwing deur jou te straf indien jy dit oortree.

Wanneer God jou afrigter is, dan is sy wet vir jou die wet van die Heilige Gees. Dan word sy wet die wyse waarop Hy jou inoefen in al die gawes wat God jou mee geskape het sodat Hy jou kan deel maak van die diens en toekoms waarvoor Hy jou bestem het.

Dieselfde wet, maar God is vir jou anders God met sy wet!

7. Hoe werk die wet van sonde en dood?

'n Skeidsregter werk met 'n fluitjie. Hy blaas hierdie fluitjie net wanneer jy die wet oortree. Dan kom hy en wys hy hy het die fluitjie vir jou geblaas. Hy blaas op sy fluitjie om jou as die skuldige uit te wys.

Skuldaanwysings met straf!

Wanneer hy jou as die skuldige uitgewys het, dan straf hy jou deur jou en jou span te benadeel. Jy kry 'n strafskrum, 'n strafskop of 'n strafdrie teen jou. En dan gee hy jou waarskuwings.

Dreigemente met veroordeling!

Wanneer jy weer geblaas word, of sommer as jy 'n baie groot oortreding begaan het, dan kom staan hy voor jou en wys jou nie net uit as die skuldige en gee waarskuwings nie. Hy gee vir jou 'n geelkaart. Wat se ding is 'n geelkaart? Dit is 'n finale dreigement. Hy dreig jou omdat jy die reëls oortree dat hy die geleentheid om te mag speel van jou gaan wegneem as jy weer oortree.

Wanneer hy dan weer oortree wys hy vir jou 'n rooikaart en stuur jou van die veld af om jou straf uit te dien. Eers wanneer jy jou straf uitgedien het, mag jy weer op die veld terugkom.

8. Dit is God hoe se wet van sonde en dood werk. Die benaming wys dit eintlik baie treffend: dit is die wet waar jy die straf van die dood ontvang omdat jy sonde doen.

Hierdie wet wys jou uit as die skuldige! Hierdie wet wys jou altyd uit as 'n sondige mens wanneer jy die wet van die Here oortree. Met hierdie wet hoor jy, jy is voor God skuldig omdat jy sy wet oortree. Jy moet voor God as skuldige kom staan.

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Wanneer jy dit hoor moet jy jou skuld aanvaar en moet jy jou skuld met die Here regmaak, deur jou hart en lewe vir God te gee. Jy hoor terselfdertyd dat die Here jou waarsku dat wanneer jy gaan aanhou met 'n sonde dat God jou gaan veroordeel as iemand wat nie meer Hom kan dien en liefhê nie.

As jy regtig met dieselfde sonde aanhou sukkel, dan kry jy God se finale dreigement. En dan kom die oordeel dat iemand soos jy kan nie God regtig liefhê en dien nie. Jy moet eers van die veld afgaan en eenkant gaan sit en jouself regkry om God weer te kan dien. Jy moet eers afgaan en jy moet eers weer tot bekering kom voor jy weer op god se speelveld mag kom.

So werk God met die wet wanneer Hy dit die wet van sonde en dood laat wees: Hy wys jou as skuldige, veroordeelde mens uit wat sy saak met God moet regmaak.

9. Hoe werk die wet van die Gees?

'n Afrigter werk nie met 'n fluitjie nie! Hy gebruik nooit 'n fluitjie om jou as 'n skuldige aan te wys nie. Hy doen iets heeltemal anders. Hy blaas nie vir jou 'n fluitjie nie, maar roep jou op jou naam en dan wys hy jou wat jy verkeerd gedoen het. Terwyl hy dit vir jou wys, vertel jou hoekom jy dit doen en wys hy jou hoe om dit anders te doen. Hy sal vir 'n speler sê dat hy te haastig is en daarom die bal aanslaan. Dan sal hy vir hom die aanwysings gee dat hy gerus kan wees en selfversekerd moet mag tot die geleentheid reg is en dan vorentoe gaan.

Wat is nou anders?

'n Afrigter wys jou tereg. Hy wys jou dat jy die bal vorentoe aangee of aanslaan, en dan wys hy jou hoekom jy dit doen en gee hy jou die aanwysings hoe om dit anders te doen. As hy dit klaar gedoen het, dan sê hy vir jou, jy moet dit nou weer doen en aanhou oefen om dit reg te kry.

Teregwysings en aanwysings!

Wat doen 'n afrigter nooit nie! Hy wys jou nooit as 'n skuldige uit vir wat jy verkeerd doen nie. Hy gee jou nooit waarskuwings oor wat hy vir jou wys wat verkeerd was nie. Hy gee jou nooit dreigemente dat jy nie meer mag oefen of van die veld moet afgaan wanneer jy aanhou met dieselfde fout nie. Hy stel jou nooit in die posisie dat jy eers jou fout moet oplos en uitlos voor jy weer mag kom oefen nie.

Dit is juis die teendeel, hy verwag van jou om die hele tyd op die veld te bly en aan te hou oefen om jou fout raak te sien, te sien hoekom jy dit doen en sy aanwysings te volg hoe om dit reg te doen.

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Op hierdie manier oefen hy jou altyd om binne sy liefde vir jou as sy afrigter te bly en altyd deel van die liefde van die spel te bly.

10. Dit is hoe God se wet van die Gees werk in die lewe van sy kinders!

Nooit word hulle deur die wet vir enige sonde as skuldige of veroordeelde mens voor God uitgewys nie. Daarom moet u vers 1 weer baie goed hoor: Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Geen skuld ooit weer nie al doen jy sonde!

Tereg wysings sonder skuld en oordeel!

Tereg wysings om te oefen om sondes reg te maak. Tereg wysings om te oefen om die rede vir sondes raak te sien – my geaardheid wat maak dat ek sonde doen.

Aanwysings sonder dreigemente!

Wanneer die Here ons as sy kinders aanwysings gee oor sy wil en hoe ons sy wil moet doen, is dit sonder enige dreigemente oor wat sal gebeur wanneer ons dit nie regkry nie. Meer, Hy sal ons nooit uit ons diens en lewe vir Hom uithaal om iewers eers onself weer vir Hom geskik te maak nie.

Waaroor gaan dit dan nou?

Dit gaan nou oor liefde vir die spel. Wat heeltemal verander het, is dat die Here ons nou oefen binne sy liefde vir ons as ons God en Vader. Dit is waarmee ons besig raak met sy tereg wysings en aanwysings. Ons raak nou besig met die liefde vir die lewe as spel met en vir God.

Dit is wat met die uitdrukking, “die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee.” Die Here gee ons 'n nuwe lewe sonder skuld en oordeel vir sonde waar ons weer met die liefde vir Hom en die lewe kan besig wees.

11. In hierdie liefdesspel met God en die lewe wat Hy vir ons as sy kinders gee – mag ons nooit weer ons sondeskuld voor God bely nie. Dit is in die sin dat ons voor die Here skuldig staan.

Wat is die eerste ding wat 'n speler vir sy afrigter sê wanneer hy vir hom wys watter foute hy maak? “Ek is jammer coach!”

Hoe verskil dit van wanneer 'n skeidsregter 'n speler met 'n fluitjie blaas en hom as die skuldige uitwys?

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Ons sien dit baie, veral in sokkerwedstryde. Die speler reageer verontwaardig, begin verskonings en verduidelikings gee, of hy begin pleit en soebat, en as dit niks help nie, dan aanvaar hy die skuld van sy oortreding met 'n houding van lydsaamheid en ondergeskiktheid. Hy onderwerp hom aan die skulddigbevinding. Hy aanvaar sy skuld.

As hulle sê hulle is jammer is dit net 'n jammerte oor die straf skuld en en hierdie jammer is ook weer 'n poging om begrip te kry dat dit net 'n skrum en nie 'm strafskop of strafdris is nie.

Teenoor 'n afrigter is jy jammer vir die oortreding waardeur jy jou spel verswak. Teenoor 'n skeidsregter is jy jammer vir jou skuld.

12. Nou as jy nooit weer teenoor God sondeskuld kan bely nie, wat doen jy dan as Hy jou as afrigter tereg wys?

Jy erken jou oortreding!

Die erkenning van 'n oortreding is heeltemal anders as die belydenis van sondeskuld. Jy erken dat dit 'n oortreding is en jy dink oor hoekom jy dit doen en hoe jy anders moet oefen om dit nie te doen nie. Teenoor God wat ons Vader is, erken ons ons sondes as oortredings in sy tereg wysings, maar ons kan en mag nooit ons sonde as skuld teenoor God bely nie.

Die ou wet dwing jou om sondeskuld te erken en sondestraf te aanvaar. Die nuwe wet wys jou nooit op sondeskuld nie. Want al jou skuld is weggevat. Die nuwe wet gee tereg wysings waar jy jou oortreding erken sonder om dit as skuld te erken; waar jy oor jou houding dink oor hoekom jy oortree en nie dink hoe om die skuld ligter te maak of weg te vat nie.

Dit moet ons voor die ondersoek bring oor met wie is ons besig wanneer ons sonde erken: is ons met God besig met skulderkentenisse of is ons besig met die erkenning van oortredings?

Is ons besig om te dink aan ons houding wat ons sonde laat doen of is ons besig om te dink oor hoe ons ons saak met God moet regmaak?

Met watter wet is jy besig? Die wet van sonde en dood van die Skeidsregter of die wet van die Gees van die Afrigter wat aan jou die lewe gee?

13. In die nuwe spel van die lewe wat God aan ons gee as 'n spel in sy liefde, is daar ook nooit weer deur sy wet enige veroordeling nie. Hy dreig jou nooit weer met

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

verwerping nie. Hy is altyd net weer en weer besig om jou aan te wys hoe om te oefen om die spel te bemeester.

En hierdie aanwysings hou nooit op nie! Jy hou aan oefen en Hy hou aan aanwysings gee. Dit is die wyse waarop Hy jou in sy liefde vir jou en in die ontwikkeling van jou talente oefen.

Is dit hoe ons God se wet hoor? Aanhoudende aanwysings wat ek graag wil hoor, bly is om te hoor en wat my ingesteld maak om weer en weer my in God se wil te oefen?

Of hoor ons God se wet as Skeidsregter? Eers dringende waarskuwings, dan dreigemente en dan die finale afkeurende veroordeling: gaan van die veld af!

Jy is nie regtig 'n toegewyde kind van die Here nie; Jy is nie 'n geestelike kind van die Here nie; Jy is nie 'n gehoorsame kind van die Here nie; Jy is nie vir God goed genoeg nie; Jy is nie met God se Gees en God se krag vervul nie; Jy leef nie die lewe van oorwinning nie!

Eers met waarskuwings elke keer as jy weer sonde doen, dan met dreigemente en dan met hierdie finale veroordeling: gaan sit en dink buite die veld oor hoe jy jou saak met God moet regmaak!

Wat hoor ons as ons na die wet luister": Aanhoudend tereg wysings wat nooit ophou nie, sonder waarskuwings, dreigemente en veroordelings? Aanwysings wat ons altyd weer en weer laat dink oor wat ons moet doen en hoe? Aanwysings waaroor ons bly is en wat ons weer motiveer om weer te probeer? Of hoor ons waarskuwings, dreigemente en veroordeling?

14. Hoekom hoor ons die verkeerde wet?

Hoekom hoor ons God as Skeidsregter terwyl Hy ons Afrigter is?

Dit is hoekom ons ons kinders doop. Sodat hulle 'n teken kan dra dat hulle en ons wat ook gedoop was, in Christus is. Ons is in Christus en daar is nooit weer enige skuld of veroordeling vir ons sonde nie. Ons doop wys God is ons Afrigter en nooit ons Skeidsregter nie. Hy gebruik nooit die wet van sonde en dood teenoor ons nie, maar lei ons met die nuwe wet van die Gees.

Nou hoekom hoor ons dan altyd die verkeerde wet wanneer God met sy nuwe wet met ons besig is. Hoekom hoor ons Hom as ons Skeidsregter terwyl Hy ons Afrigter is?

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Dit is omdat ons God se oefensessies in wedstryde verander, net soos party rugby spelers hulle oefeninge doen asof hulle met wedstryde besig is waarin hulle moet wen.

Dit gaan oor wat ons met die lewe doen wat Hy vir ons gee. Die lewe wat die Gees ons gee, is die lewe as 'n spel binne die liefde wat God vir ons het in die liefde wat ons vir Hom het. Dit is die lewe wat ons van die Gees van die Here Jesus Christus ontvang het omdat ons in Hom is.

Maar ons maak van die lewe wat God as 'n spel gee, 'n wedstryd. Ons verander die lewe as spel in sy liefde en in ons liefde, in 'n wedstryd waarin geld, mag, aansien, reg, guns en eer gewen word deur oorwinning oor ander mense.

Dit maak ons met die huwelik: man en vrou verander die lewe as spel in God se liefde 'n wedstryd. Ouers en kinders verander die lewe as gesin saam in God se liefde as 'n wedstryd. Werkgewers en arbeiders maak van die ondernemingslewe wat 'n spel in God se liefde is, 'n wedstryd. Owerhede en landsburgers maak van die gemeenskapslewe saam in God se liefde 'n wedstryd.

Wat het jy nodig as jy met 'n wedstryd besig is? Jy het 'n skeidsregter nodig.

So vervreem ons ons van die lewe wat God gee want ons wil skuld hoor wanneer Hy tereg wys. Ons wil waarskuwings, dreigemente en veroordelings hoor wanneer Hy aanwysings gee. Want ons wil die lewe as wedstryd leef.

Dit is wat Paulus uitwys met die lewe van die Gees teenoor die lewe van die sondige aard: leef jy die lewe as spel in God se liefde of leef jy dit as 'n wedstryd. Ons sondige aard wil altyd van God se spel in liefde 'n wedstryd van wen en verloor maak.

15. Hoekom preek en leer geestelikes die verkeerde wet in die kerk?

Hoekom preek hulle die wet waarvoor jy skuldig staan en laat hulle jou skuldig in jou sonde voor God staan? Dit wat die wet van die Gees nooit met jou doen nie!

Hoekom preek hulle die wet van God as die waarskuwings, dreigemente en veroordelings dat jy nooit geestelik reg is nie, nooit werklike 'n liefdevolle Christen is, nooit werklik 'n toegewyde Christen is, nooit 'n Christen is wat met God se krag leef en oorwin nie, terwyl God nooit weer die ou wet gebruik wat waarsku, dreig en veroordeel nie?

Hoekom preek hulle nie die nuwe wet wat net tereg wys en aanwys vir hulle vir wie God net 'n Afrigter is nie?

God gee ons 'n nuwe lewe as spel in sy liefde en lei ons daarin met sy nuwe wet.

Dit is doodeenvoudig!

As God jou skeidsregter is, wie is jou Afrigter?

Geestelikes wat jou wil wysmaak dat hulle met die ou wet van sonde en dood jou binne in hulle geestelike dissiplines so kan oefen, dat jy deel vir God as skeidsregter foutloos sal speel in jou wedstryde van die lewe. Dit is hoe Paulus hierdie geestelikes se drif om hul self afrigters te maak omdat God dan die Skeidsregter sou wees uitwys in Romeine 2: Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, 'n lig vir die wat in duisternis is, 'n leermeester van die wat onkundig is, 'n onderwyser van die wat niks weet nie, omdat die wet vir jou die samevatting van kennis en waarheid is. (verse 19 en 20)

Geestelikes wat vir jou afrigters wil wees hoe om met God se wet die wedstryde van die lewe te wen. Dit is die drif van alle geestelikes. Omdat God jou skeidsregter sou wees, volgens hulle, wil hulle jou afrigters wees.

16. Vry van die wet van God as Skeidsregter! Vry van die wet wat jou skuldig voor God laat staan, vry van die wet van God wat jou waarsku dreig en veroordeel. Omdat God jou van hierdie manier waarop die wet werk, vry maak, mag jy jouself nooit waar aan hierdie manier waarop geestelike vir jou afrigters wil wees of waarop jy die lewe 'n wedstryd teen mense wil maak, onderwerp nie.

Kom ons breek met die lewenshouding dat die lewe wat God ons gee, is 'n wedstryd! Kom ons ontdek die lewe wat God gee as die spel en oefentyd in sy liefde met die liefde.

Dan sal ons weer God as Afrigter met sy nuwe wet hoor! Teregwysings sonder skuldbevindings! Aanwysings sonder waarskuwings, dreigemente en veroordelings!

Dan sal ons weer die lewe as spel kan oefen met God: ons sal ons oortredings kan erken en ophou om sondeskuld te bely; ons sal aanhoudende aanwysings hoor wat ons laat aanhou om weer en weer ons in die wil van God met blydschap te oefen.

Kom ons laat ons deur die Heilige Gees lei in die lewe as spel in God se liefde en breek met die sondige ingesteld in ons om van die lewe 'n wedstryd onder God se wet van sonde en dood te maak.

Vry van die wet van sonde en dood deur die wet van die Gees!